



## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur**—C. Hattingh.
**Besigheidsbestuurder**—C. J. van Wyk.
**Medewerkers**—
C. M. Janse v. Vuuren.
F. A. Scheepers.

Alle bydraes moet vroegtydig by een van die redaksielede ingehandig word.

**Subredakteure**—
J. v.d Walt.
H. J. A. du Plessis.
E. L. Grové.
Mej. C. M. Wasserman.

**DEEL I, Nr. 2.** **10 MEI, 1946.** **PRYs 2d.**


## ONS ONDERSTREEP . . . .

In die eerste uitgawe is „Die Wapad" 'n hartlike welkomsgroet toegeroep. Ons waardeer veral die deur gloed gelaaide en inspirerende woorde van ons geagte rektor. Ons hoop dat die studente dit sal herlees om die verwagtinge wat die rektor t.o.v. die blad koester, aan die hart te bind. Ons **onderstreep** die woorde „Op die P.U.K.-wapad wil die aktiewe studentelewe hom voortbeweeg en daarom sal die orgaan „Die Wapad" koers en rigting aandui," wat dit alleen sal kan doen wanneer dit ook bestraal word deur daardie Lig."

Die studente egter sal hulle welkomsgroet alleen kan uitbring deur die blad as hulle eie te ontvang, te versprei en met artikels te oorlaai. Wat dit betref het die redaksie geen moeilikheid gehad nie, wat wil sê dat die blad nie alleen deur u welkom geheet is nie, maar ook in 'n bepaalde behoefte voorsien.

Getrou aan sy doelstelling wil die blad op enkele gebeure die regte lig versprei. Verlede kwartaal het die S.R. die stigting van 'n A.S.B.-tak toegelaat. Wat die Bond self betref, sy stigting, organisasie ens., laat ons op die oomblik daar. Slegs dit wil ons beklemtoon dat die A.S.B. en A.N.S. binne die P.U.K. studentelewe geen vyandigheid sal en moet openbaar nie. Met die toelating tot die stigting van so 'n tak is nie uitgegaan van die veronderstelling dat samewerking binne die A.N.S. 'n onmoontlikheid is nie. Inteendeel die hoop en verwagting is gekoester, dat deur die stigting van sodanige tak die weg geopen is tot symposia deur middel waarvan twee erkende organisasies—want jy moet die ander erken om dit te doen—**gesonde** gedagtes en beskouinge kan uitwissel, om langs hierdie weg van **gesonde** gedagte-wisseling eenheid te bewerkstellig hetsy dit binne of buite die A.N.S. is. Soos die sake staan sal die S.R. geen vyandskap en bitterheid toelaat nie. Die gesonde gesindheid en strewe tot positiewe eenheid sal aangemoedig word en sal die enigste voorwaarde wees vir die bestaan van twee so eiesoortige organisasies. So spoedig en ongesogd moontlik sal daar 'n positiewe resultaat getoon moet word.

'n Ander nie minder belangrike gebeurtenis, is die herstel van betrekkinge tussen P.U.K. en P.O.K. Vir die doel is uitgegaan van die gedagte van „absolute studentegelykwaardigheid." Ons hoop dat die verhouding en samewerking voortaan gesond sal wees, op alle gebiede waar ons sal saamwerk en saamspeel.

## VERWELKOMING VAN NUWE PROFF.

Dit was gisteraand, toe proff. Snyman en Jooste bevestig is in hulle amp, nie alleen vir die kerk en skool van besondere betekenis nie, maar ook vir ons as studente van die P.U.K. As proff. is dit die liefde wat hulle aan die P.U.K. bind, wat ons as studente aan hulle bind. Ons sal graag hulle leiding wil volg wat hulle ons sal gee met raad en daad.

Ontvang hiermee ook ons hartlike gelukwense. Mag u die waterdraers wees, wat die dorre bodem uit u oorvloeiende emmers bevogtig, sodat op dit pad agter u rug, deur Gods genade, iets begin bloei en groei, Sy Naam ter ere.

*WAT GEBEUR OP 29 MEI ?*
*(Antw. bls. 4).*

Trens en Betsie het nie in die maanskyn „gecase" nie—die maan kon nie skyn nie—Trens was te donker.

Doep en Basie „wir" ook—maar . . .

## PUKKE LEER HIERDIE MARSLIEDJIE.

Die daadkrag van ons vadere
Het P.U.K. gebou,
En ons, hul seuns en dogters,
Beloof daaraan ons trou.
Ons hulde groei dan uit die krag
Waarmee ons voorwaarts streef.
Ons neem die ploeg met vaste hand
En werp ons in die stryd
Refrein:
Die P.U.K. verlede
Leef nou weer in die hede,
Besiel ons vir die stryd,
Besiel ons vir die stryd!

## DIE A.B.O.

Die A.B.O. het reeds vroeg in die jaar met sy aktiwiteite begin. Ap 22 Maart is 'n geslaagde uitvoering van orkes-, solo- en volkspele-items te Klerksdorp, by geleentheid van 'n Reddingsdaadbondfunksie, gelewer. Die tyd vir voorbereiding was besonder kort, maar as gevolg van die ywer en goeie gees deur die lede aan die dag gelê kon die orkes sukses behaal.

Toerplanne is vinnig aan 't ontkiem en dit beloof om hierdie keer iets vir die lede in te hou, en nie net vir die Boufonds nie!


DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL

• DIE STUDENTE-BOEKHANDEL

*BIED U AAN:*

LEERBOEK VIR PLANTKUNDE, deur A. P. Goossens en P. J. Botha, 24/-
OPVOEDKUNDIGE TEORIE en PRAKTYK deur DIE EEUE, deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee, 8/-
THE ECONOMIC HISTORY OF ENGLAND, by E. Lipson, 31/6.
ELEMENTS OF GEOGRAPHY, PHYSICAL AND CULTURAL, deur Finch and Trewaratha, 30/-.
GEOMORPHOLOGY, an introduction to the study of landscapes, by A. K. Lobeck, 34/-.
SOCIETY, a Textbook of Sociology, by R. M. MacIver, 23/-
PLANT AND ANIMAL GEOGRAPHY, by M. I. Newbigin, 18/-.
AN INTRODUCTION TO THE STUDY OF FOSSILS, Plants and Animals, by H. W. Shimer, 27/6.
GUIDE TO THE PHILOSOPHY OF MORALS AND POLITICS, by C. E. M. Joad, 11/9.

BESTEL u Studieboeke en Skryfbehoefte van die Boek-Handel wat u die beste diens kan lewer.

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL,**
KERKSTRAAT 90, POTCHEFSTROOM. FOON 497.

**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

**MANSKLERASIE**

**J. HEIDEMA**

RYWIELE
en
NAAIMASJIENE,

**POTCHEFSTROOM**
(teenoor Geref. Kerk).

VERKOOP OOK SKOENE

**RUIME KEUSE VIR ALLE DOELEINDES.**

Lae konkurerende Pryse.

ELKE DAG VARS.

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

*BRUIDSKOEKE*

FOON 282. FOON 282

**KERKSTRAAT 37, POTCHEFSTROOM.**

**MILLER EN KIE.,**
**BEPERK.**

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

**MATERIALE,**
**GORDYNSTOWWE,**
**KLERASIE EN**
**SKOENE**
**VIR VOLWASSENES EN KINDERS**

*en Bespaar Geld*

**Posbus 75.** **Foon 197.**
**KERKSTRAAT 119, POTCHEFSTROOM.**

# DIE PROBLEEM VAN DIE DEMOKRASIE.

Die oplewing van 'n spekulasie-woede wat ek die vorige keer in vooruitsig gestel het as gevolg van 'n verwagte verhoging van die goudprys (nie „grondprys” soos verkeerdelik gedruk nie), het intussen 'n voorloper gehad na aanleiding van die ontdekking van 'n besonder ryk goudrif in Odendaalsrus. Dis moontlik en selfs waarskynlik dat hierdie groot rykdom maar net oor 'n klein oppervlakte uitgestrek sal wees, maar die vrye spekulasie-stelsel van ons kapitalisme laat toe dat die pryse van allerlei aandele dit hoogte ingestoot word om later skielik weer te daal as die waarheid openbaar word, tot groot verryking van die klompie wat agter die skerms is en weet wanneer en wat om te koop en te verkoop, en tot groot skade van duisende klein spekulateurs en beleggers.

Dit is een van die onverkwiklike aspekte van ons demokrasie. Met 'n paar ander twyfelagtige aspekte daarvan het ons in die afgelope tyd nader in aanraking gekom. Een is dié van vrye algemene verkiesing, wat op die onlangse Calvinistiese kongres in Bloemfontein sterk bepleit is, asook in verband met 'n sekere Bloemfonteinse handelsmaatskappy. Die demokrasie vereis dit, maar dit hou die gevaar in dat nie die bekwame persoon gekies word nie, maar wel die populêre of die een wat mins beskeie is en die mees welvarende om sy eie deugde te adverteer.

'n Ander aspek is dié van die reg wat teenswoordig in sekere gereformeerde kringe op kerklike gebied opgeëis word vir gemeentes en kerklede om sinodale besluite aan hul gewete te toets en vrylik te besluit of hulle bereid is om dié besluite te bekragtig as in ooreenstemming met Gods Woord. Dit is ook demokraties, maar hou die gevaar in om alle kerklike orde te vernietig.

'n Derde aspek is dié van vrye partyvorming, wat op die oomblik besig is om in Europa die volke tot in die oneindige te verbrokkel in verband met die demokratiese verkiesinge wat nou weer daar aan die gang is buite die Russiese sone.

'n Vierdie is dié van die toelating van vrye spraak vir elke rigting, 'n demokratiese reël wat onlangs in Johannesburg geskend is ten opsigte van die arbeidsvergadering van Dr. van Rensburg. Inderdaad is dit 'n reël wat vir die demokrasie self uiters gevaarlik is en baie demokrate is al van menig dat dit nie van toepassing is op rigtinge wat die demokrasie self beveg nie—soos die Ossewabrandwag (en . . . die Kommunisme?)

Soos bekend het die gereformeerde kerkreg van die oorsprong af waarborge gestel teen die gevare van hierdie demokratiese instellinge: die verkiesinge wat hy toelaat. is beperk; eleksie-propaganda is verbonde; die besluite van meerdere vergaderinge is bindend totdat die betrokke of 'n meer omvattende vergadering oortuig is dat die betrokke besluite onskriftuurlik is; party-vorming in die kerk is 'n sensurabele sonde; vryheid van spraak word streng gekontroleer volgens kerkorde en belydenis, ens.

Die eigelike demokrasie is egter nie gereformeerd of Calvinisties nie, maar liberaal en erken bo-aangeduide beperkinge nie. In verband met die wêreld-situasie wat ek die vorige keer geskets het, is die liberale demokrasie egter meer as 'n gevaar of 'n ongerieflikheid, dit is inderdaad 'n kriminele dwaasheid, want dit moet uitloop op die selfmoord van die Westerse beskawing. Dit is wat op die oomblik veral in Europa voorberei word.

Stel u die posisie voor: daar staan die Weste teen die Ooste as ongetwyfelde doodsvyande, die Weste leierloos, die Ooste onder die strawwe eenheidsleiding van Stalin. In plaas daarvan dat die Weste hom afkamp teen sy doodsvyand, soos dié wel doen, stel hy sy grense vir hom oop en nooi hom uit om saam te kom beraadslaag oor al die Westerse lewensbelange.

En dan word daar hier in die Weste sogenaamd die demokrasie toegepas: dit wil sê finansiële spekulasie word vrygelaat om die massas ryp te maak vir die Kommunisme, vrye verkiesinge word uitgeskryf om die kanaljie aan die roer van sake te bring, elke Jan Rap en sy maat moet die vryheid hê om die orde-reëlinge van die gesag te aanvaar of te verwerp, om also die deur oop te maak vir gaos; partyvorming word vrygelaat, om die volkskrag te verbrokkel en die pad oop te maak vir die Trojaanse houtperd van die Bolsjewisme; vrye spraak word vergun sodat die goddeloosste volksbederf vry versprei kan word. En aan die ander kant, in die Ooste, onder die Russiese diktatuur wat ook die leuse van die demokrasie huldig, daar agter die ystergordyn van sy sensuur, niks van dit alles nie, maar strawwe dissipline en die uiterste magskonsolidasie! Wat moet van dit alles word—wat anders kan daarvan kom as die selfmoord van die Westerse beskawing?

Ek het bo gepraat van die probleem van die demokrasie nie alleen omdat dit vir ons 'n dodelike gevaar inhou nie (en veral vir ons in Suid-Afrika waar die demokrasie binne afsienbare tyd moet uitloop op totale verbastering), maar ook omdat daar in die demokrasie ook die noodsaaklike en heilsame beginsel verskuil is van die medeseggenskap van die volk in die bepaling van sy lot en die vorming van sy regering: die probleem is dus om die euwel van die demokrasie af te weer sonder om die heilsame daarvan prys te gee? Sal dit vir ons moontlik wees—en hoe?

L. J. DU PLESSIS.

Hettie van der Merwe het na die maan gekyk, of was dit slegs sy weerkaatsing in die Kuil, sy het egter in die Kuil geval, of was dit Vercuiel.

Jan Patrys het die legende van die man in die maan verwerp—Van Oostrum is ook nou daar en hoe heerlik sweef hulle nie tussen hemel en aarde nie!

STUUR U DROOGSKOONMAAK
NA

**BERGERS BPK.**

*24 uur diens en die beste aandag.*

Foon **138**

ONS KOM HAAL EN LEWER AF.

Pakke en Rokke vanaf 2/11.
Broeke vanaf 1/3

**BERGERS BPK.**
King Edwardstraat 64, Potchefstroom.

# ONS DIEPERE LEWENSPROBLEME.

Waar vind ons die oplossinge daarvoor? By die natuurwetenskappe?

Met diepere lewensprobleme word hier bedoel bv. om te kan weet wat die oorsprong, wese en bestemming van die dinge is.

Die mens maak dit homself druk dat hy soms met baie oppervlakkige en verkeerde antwoorde reeds tevrede is. Gelowiges egter, weet op grond van hul geloof die antwoorde; weet ook waar ons hierdie kennis verloor het en daarom nou soek.

Die bedoeling is om hier alleen maar enkele waarhede omtrent 'n soeke by die natuurwetenskappe te gee. Hierdie paar sal almal aanhalings wees en taamlik losstaande. Die inhoud daarvan kan ons egter van baie dinge bewus maak, waarvan ons misskien nie bewus gewees het nie, en so in ons 'n lus wek, om self te probeer uitmaak, waar ons eintlik aan of af is. 'n Ernstige (self-) studie oor die grondslae van die wetenskap, met die oog op hoeveel ons daar kan soek, is van baie groot belang vir onsself en ook vir die wetenskap: díe wetenskap sal daardeur gebaat word omdat die begrippe, hipoteses, wette en metodes, wat in die wetenskap gebruik word dan volgens die regte draagkrag daarvan geskat sal word; onsself kan daardeur tot 'n selfstandige insig en oortuiging kom wat alles behalwe kortsigtige versekerdheid gaan wees. Belangriker nog, as dit alles, is dat so 'n studie ook die weg kan wees waarlangs ons gelei word om die enigste Lig, wat die wêreld verlig, te ontvang. Saam met hierdie Lig sal ons ook die antwoorde op al ons eintlike lewensvrae vind.

Ons moet dan in verband met natuurwette en natuurwetenskaplike hipoteses bv. onthou: „Ons natuurwette is slegs 'n formule vir die werkings- en bewegingswyse van die dinge. Hulle staan dus lank nie vas nie en is **volstrek** nie onveranderlik nie, maar hulle kan verander, gewysig, verminder, vermeerder word, namate ons die dinge beter leer ken.” „Solank dus die stof in sy wese onbekend is, en die kragte wat daar in die skepping lê, deur ons nie uitgeput is nie, solank is alle formulering van wette voorlopig en is 'n groot mate van beskeidenheid blyk van wetenskaplike sin.”

„Meermale gebeur dit, helaas, dat die hipotese stroom, soos Jeiles Verne se larwastroom die man van wetenskap in sy ondersoekingsbootjie eers hoog die lug invoer, maar dan onsag ter aarde werp. Tog is die hipotese dié middel waardeur die wette van die natuur nagespeur en die wetenskap opgebou word.” „Dis langs die weg van hipotese en teorie dat die natuurwet bereik word.” Solank egter eksperiment dit nie bevestig nie, bly die werkhipotese.”

„By die soek na die oorsake het die evolusie-gedagte as werkhipotese uitnemende dienste bewys. Analogië en verhoudinge is nagespeur en ontdek wat anders nie so maklik gevind en ondersoek sou gewees het nie. Maar die fout is hierin geleë, dat die evolusie, bruikbaar as werkhipotese, net soos die fisiese atoom, tot die rang van 'n formule vir wêreldverklaring verhef is en tot 'n stelsel van wêreldbeskouing uitgewerk is.”

As ons egter sien hoe vinnig die wetenskap vorder en veronderstel ons dat dit vir 'n hele aantal eeue so sal aanhou of nog vinniger sal vorder, is dit dan nie maar net 'n kwessie van wag nie? Sal ons nie na só 'n tyd vrede en rus vir ons gemoed by die wetenskap kan vind nie?

„Alle natuurondersoekers bring op die natuur oor die begrippe van krag, vermoë, werksaamheid, arbeid, weerstand, spanning e.s.v. sonder daarby te bedink dat almal aan die mens se persoonlikheid ontleen is, 'n psigologiese inhoud het en daarvan beroof niks meer as leë vorme is nie.”

„Ek eintlik van al my wete nooit heeltemal seker kan wees nie, want: is my sintuie betroubaar? Dit kan ek nooit verder nagaan nie. Ek kan buite my sintuie om nooit verstaan wat

die dinge is nie. Mag ek aan hierdie bril glo? Dit mag ek alleen wanneer ek glo dat 'n grote, goddelike mag, 'n Mag wat die wêreld geskape het en ook my geskape het, my op die wêreld aangelê het sodat my oë en ore presies klop op die werklikheid buite my, soos my longe korrespondeer met die lug. My maag op die voedsel. As dit so is mag ek onvoorwaardelik vertrou dat my bril, in die groot lyne, my die dinge wel suiwer laat ken. Op hierdie „geloof," op hierdie intiemste veronderstelling rus alle wetenskap."

„Hoe ons ook besin of peins nooit sal die genoegsame grond in die bewonderingswaardige korrespondensie tussen die objek en die subjek, waarop die moontlikheid en ontwikkeling van die wetenskap geheel en al rus, vir ons besef verklaar word nie, tensy ons met die Heilige Skrif bely dat die outeur van die kosmos, in die kosmos, die mens as mikrokosmos geskape het, na sy beeld en na sy gelykenis."

Dat alle wetenskap ook in geloof rus, behoef by ons geen kwessie te wees nie; dit is deur Prof. Stoker vir ons baie duidelik aangetoon in sy brosjures en artikels.

Op die voorgaande en baie ander waarhede rus dan wat volg.

„Ons ken ten dele—as ons dit sê het ons ten minste eenmaal die waarheid gepraat. Waar ons diskursiewe denke ophou daar begin die misterie. Panacee vir alle twyfel is die misterie mits opgevat soos die Skrif dit bedoel. Sedert die paradyspoort toegegaan het, het die misterie oopgegaan. God het Hom nie onbetuig gelaat nie. Die dinge wat vir ons altemaal raaisels is het Hy in die Skrif aan ons geopenbaar. Daarin lê die grondbeginsels ook vir die wetenskap. Daar word geantwoord op die grondvrae: vanwaar en waarom? Maar . . . die mens wil dit nie aanneem nie. Hy sê al die eeue deur God het nie gepraat nie. Die mens wil met sy sondige vingers aan die getuienis van God raak."

„Hoe kom ons dan met die misterie in aanraking? Wel, deur die geloof. Moet ons dan 'n absurditeit glo? Ja, (ek betaal met gelyke munt): as dit maar die absurditeit van die geloof en nie die absurditeit van die ongeloof is nie. As dit maar die absurditeit van die waarheid en nie die absurditeit van die leuen is nie. As dit maar die absurditeit van die Kruis en nie die absurditeit van die kanon is nie. Die lewenselement van alle wetenskap is die misterie."

„Indien nie wetenskap nie, nie kultuur nie, ook nie die verbinding van beide ons so 'n sekerheid kan verskaf nie, bly die vraag nog, of daar dan in die ganse wêreld nie iets anders is, waarop ons te alle tye, in nood en dood, met ons hele hart op kan vertrou nie? En daarop gee die geskiedenis, met 'n duidelikheid, wat alle twyfel verdryf, die antwoord, dat daar slegs een mag is wat so 'n sekerheid kan verskaf en so 'n vertroue in die hart kan werk, en dit was altyd en oral die religie gewees. Terwyl die wetenskap slegs op enkele martelare kan roem is die bloedgetuie van die religie duisende en tienduisende; wie het ook vir 'n loutere matematiese of natuurwetenskaplike waarheid sy lewe veil? As ons dus die sekerheid wil vind wat in lewe en sterwe vir ons rus sal verskaf en te midde van die storme van die twyfel ons staande sal hou, dan sal ons by die religie moet soek of ons vind dit nergens nie. Alle sekerheid aangaande die oorsprong, wese en einde van die dinge is op die religie gebaseer."

„En wat deur geen oor gehoor en met geen oog gesien en wat in die hart van geen mens, behalwe as 'n wens of versugting opgekom het nie, dit openbaar die evangelie ons: Jesus Christus het in die wêreld gekom om dit te red en salig te maak."

B. J. VAN DER WALT.

Aanhalings uit: Wysbegeerte der Openbaring—Dr. H. Bavinck. Levensvragen—Dr. H. Bavinck. Encyclopedia—Dr. A. Kuyper. Die Skrif en die Natuurwetenskappe: Natuurwet en Wonder—Prof. D. J. van Rooy. Koers (Oktober 1943): Wetenskap en twyfel—Dr. J. D. du Toit.

## WAT GAAN U HOUDING WEES?

Die woeling op politieke gebied wat gedurende die afgelope paar jaar kenmerkend was van ons volkslewe, het ook in die geledere van die Afrikaanse studentedom kenbaar geword. Waar dit in die volkslewe op die skeiding van organisasies en groepe uitgeloop het, het hierdie gisting hom in die studentelewe geopenbaar as 'n tasting, 'n soeke na nuwe vastigheid. Weliswaar het daar oral nuwe studente-organisasies ontstaan, maar daar kon geen deurlopende eenheidskoers gevind word nie. Die poginge het sporadies en onafhanklik van mekaar gebly.

Wie die P.U.K. studentelewe gedurende die afgelope paar jaar intens meegeleef het, sal weet dat die nasionale aan ons eie inrigting ook gekenmerk is deur nuwe groeiprosesse en selfs deur die innerlike konflik wat steeds hiermee gepaard gaan.

Maar mettertyd het die gedagtes deur voorlopige samesprekinge hier en elders in dieselfde rigting begin loop. Tewens, allerweë is gevoel dat daar nie volstaan kon word by die misskakeling soos dit in die later jare geword het nie.

Die vorm egter, waarin die samewerking gegiet kon word, het ontbreek. Totdat aan die einde van verlede jaar 'n eenheidskonferensie gehou is van studente uit alle oorde van ons land. Daar is met die daad 'n einde gestel aan alle teoretiese bespieëlinge oor eenheid, en wel in die stigting van die Afrikaanse Studentebond.

Voorop het een beleidsbeginsel gestaan: Geen kompromie met enige politieke organisasie of groep nie. As dit die A.S.B. vandag reeds teen die hoof geslinger word dat hy een of ander politieke groep wil bevoordeel, dan is soiets 'n teken dat diegene wat so 'n argument gebruik nog nie genees is van die kortsigtigheid en bevangenheid waardeur die afgelope jare ons politieke lewe gekenmerk is nie.

Doel van die A.S.B. is om in die ruimste sin van die woord 'n Afrikaans-nasionale studentebond te wees, sonder om maar in die minste dit politieke twiste van ons volkslewe in die studentelewe in te sleep. Inteendeel, die A.S.B. wil nou eenmaal die politieke verdeeldheid waardeur ons ruggegraat verlam word, die harige skedel inslaan. Daarom wil A.S.B. 'n almal-omvattende organisasie wees.

Dit bring ons by 'n vraag wat seker wel vandag in baie harte leef, en daarom nie doodgeswyg maar veeleer eerlik beantwoord moet word: dit is, hoe moet met twee organisasies langsmekaar die eenheid in ons eie geledere bewaar bly? Wat gaan die verhouding tussen A.N.S. en A.S.B. wees? Is hier geen terrein-oorvleueling nie? Hierdie en dergelyke vrae word vandag gestel. Ons sal hul openlik beantwoord.

Tans is daar in ons volkslewe en in ons studentelewe verskillende geestestrominge. Selfs sonder uitgesproke Calviniste bestaan onderlinge meningsverskil t.o.v. volksake. 'Persone met dieselfde godsdienstige belydenis, persone wat selfs aan dieselfde kerk(e) behoort, persone wat oor die groot godsdienstige grondwaarhede dit met mekaar hartroerend eens is, persone uit dieselfde huis, van dieselfde Afrikanerbloed, kan nou eenmaal nie saamstem oor sommige beginselaspekte van ons nasionale politieke lewe, en verskil daarom oor die praktiese uitlewing van ons volksideale.

Wil dit nou sê dat sodanige persone in twee (of meer) kampe staan? met mekaar op nasionale terrein niks gemeenskapliks besit nie, mekaar enkel kan beveg? Stellig nie! Want wat die diep grondbeginsels en volkstradisies betref stem hul saam, bv. as die godsdienstige norm erken hul dat die eer van God die hoogste maatstaf is, en as nasionale doel streef almal na: ons vryheid.

M.a.w. hierdie mense kan mekaar nie bestry nie. Hulle MAG nie. Anders kom daar nooit weer eenheid waar eenheid die enigste middel ter uitlewing van ons beginsels en verwesenliking van ons ideale is.

Daar moet dus 'n ander uitweg gesoek word. Dit is om die verskeidenheid in die volkslewe (selfs in die Calvinisme) as GEGEWE te aanvaar —solank die verskeidenheid bly binne die grense van ons groot nasionale en godsdienstige beginsels. Dit wil sê solank 'n mede-Afrikaner die tradisionele Afrikaansnasionale volksstrewe as sy eie het, en in hart en niere hom stel op die ewige grondbeginsels van di Woord van God, moet ons sy politieke beskouing en rigting eerbiedig as dit 'n konsekwente deurvoering en uitlewing van die groot grondbeginsele inhou.

Doen ons dit nie, dryf ons voortdurend uitmekaar, versplinter in honderd-en-een klein groepies en beveg mekaar dat die hare waai.

Ons beleid moet dit wees:—as ons nie in alles kan ooreenkom nie, moet ons tenminste ooreenkom om te verskil. Dit is 'n ander vorm van samewerking.

Ook t.o.v. ons eie studentelewe moet ons hierdie beginsel eerbiedig. Solank die verskillende geestestrominge bestaan in ons volkslewe, moet ons in ons studentelewe as gegewe aanvaar, soos dit in die studentelewe weerspieël word. Dan gee ons aan elk een 'n geleentheid om binne die grenslyne van ons groot grondbeginsels homself ongedwonge op nasionale gebied uit te lewe. (Doen ons dit nie, dan word 'n aansienlike deel van ons veronreg).

Maar dit beteken nie dat ons elkeen dan 'n eie paadjie ingeslaan het, en dat ons nooit weer van mekaar sal hoor nie.

Die beginsel van ERKENNING VAN DIE VERSKEIDENHEID mag alleen togepas word as dit ten doel het die uiteindelike hereniging van die verskeidenheid. Met ander woorde, die verskeidenheid moet beskou word as die boustukke van die brug wat gebou moet word oor die kloof van volksverdeeldheid.

Tussen A.N.S. en A.S.B. moet 'n noue voeling en wisselwerking wees, in die vorm van samesprekinge, samebehartiging van kultuur- en nasionale belange, bywoning van mekaar se vergaderinge moet daar gedurig nader aan mekaar gekom word. Daar mag by geen van beide enige gedweep met die voortreflikheid van eie organisasie wees nie. A.N.S. lede moet selfs A.S.B. lede kan wees en omgekeerd. Anders is ons eksklusivisties.

Ruimte, ruimte van blik moet by die Afrikaner aangekweek word, eerbied en agting vir die standpunt van die andersdenkende.—Hoe smag die Afrikanervolk na eenheid, en tog as gevolg van krampagtige enghartigheid was ons politieke verskille van die verlede gekenmerk deur veel bitterheid.

En nou: die A.S.B. is op P.U.K. gestig. Nie uit verset nie, en veral nie soos sommige beweer as teëwig teen die A.N.S. nie, en minste van alles as studente verteenwoordiger van een of ander volkspolitieke groep. Die A.S.B. wil in die ruimste sin van die woord 'n nederige omvatting wees van die verskeidenheid in ons studentelewe. Dit moet almal se organisasie wees.

En nou, wat gaan u houding wees? Ons vra u samewerking, u steun, selfs al dink u anders. Ons eerste program-vergadering is gelê vir Donderdagaand 16 deser. Ons sal u teenwoordigheid beskou as blyk van belangstelling.

Hoogagtend,
Dienswillig die uwe,
P. W. BUS,
(Voors. A.S.B.).

## WINTEROSSE.

Die Volk is moedeloos en tam:
Hulle is maer winterosse,
Hulle is kroes en stram.
Hulle soek nie meer kos nie;
Hulle lê op die werf en herkou,
Hulle wag vir geelgruis en genade.
Hulle kry dit—nie genoeg nie,
Hulle vreet saans, genoeg om te hou
Tot by die reën en die ploegvrag
En 'n skamele watersuip uur op 'n dag.

DROSTER.

## 'N HARDWERKENDE STUDENT.

Soos dit gewoonlik maar gaan met 'n ou wat meer belangstel in nooiens as in boeke het die tyd gevlieg en bloktyd was daar. Wat nou gedoen, tyd is min en die werk te veel. Maar ons vriend laat nie op hom wag nie hy het 'n plan. Hy dink:—„My suster brei en lees gelyk, my broer skeer en rook gelyk en waarom kan ek nie uit twee boeke gelyk leer om tyd te bespaar nie?" Vasberade gaan hy by die lessenaar sit en trek 'n voorgeskrewe en 'n skeikundeboek nader en verdiep hom in die studie.

Hou die apparaat skuins, en plaas versigtig met 'n tang groot stukke marmer—vandat hy weer by die huis gekom het, gaan oom Karel vinnig agteruit—deur die wye nek van A—hy is swak en bewerig—in die middelste bol van Kipps se apparaat, totdat omtrent een-derde vol is—Lang tye sit hy met sy oë sonder uitdrukking. Die dood stap nader, sy lang skaduwee is al op hom—stoot die tregterbol B, wat lugdig in A pas weer terug—Eendag sê hy vir sy seun: „seun, jy moet die Predikant gaan vra om weer 'n slag te kom kuier ek wil hom iets sê—Verbind met 'n gomlastiekpypie die glaskraantjie SC—Dit is oor 'n saak wat ons gesfry het—meteens vind daar 'n vinnige opbruising plaas—ek weet nou verseker dat ek reg was. Hy was nie verkeerd nie maar ek was reg—Laat die borrels vir 'n paar sekondes ontsnap, daar die meeste van hulle lug is —ek wil hom nou bewys.

Nee kragtie, dit sal nooit gaan nie. Liefs twee nooiens gelyk as twee boeke.

## VAN DIE KLIPPIES PEDAGOË.

In 'n reeks van artikels sal getrag word om mee te deel wat ons nie doen nie. Om proef te gaan gee is niks maar soms is die probleem om daar te kom—en om op Klippies te kom is nie speletjies nie. Die reis gaan glo oor Tarentaal en oor 'n brug oor Mooirivier maar verder is dit nie mooi nie.

HEELDAG DINSDAG 30 APRIL:—

Vanaf 5 vm. moes een op Cachet wag op die bestemde platform No. 14 om die Foggies Ekspres te keer en dan die ander vyf van ons te kom roep. Om 7 uur had ons dit almal vryernstig op ons senuwees want die Stasie bel aan ons om te sê dat Foggies dreig om te vertrek om 7.40 maar indien nie dan nie, dan om 7.50 of anders of 8.10 vm. Om 8.15 was al ses van ons dus op die stasie van Cachet, laaste stop voor Potch van Johannesburg en ook van Fochville.

Vanweë die vele oproepe van die hoofstasie het ons gemeen dat daar dalk 'n spesiale trein opgemaak sou word maar toe hy tydsaam en laat op sy tyd aankom was daar net een ekstra kooltrok aangehak. Vriende was wel toegelaat om ons af te sien en toe die Foggies Ekspres d.w.s. moedswillig (sonder 'n komena) vertrek om 9 uur moes ons net mooi stil sit sodat hy nie sy balans verloor nie want, glo my, hy was stampvol, ons het selfs in de Gereserveerd gery. Tot ons ontsteltenis het Koos Box sy risiko by die huis vergeet en ons moes dit saamneem om oor die brug te gaan. Koos het op my risiko oorgery en ek het oorgestap en anderkant vir Foggies gaan wag.

Toe ons oor die brug was het ons besluit dat die „Guart" maar die ekspres oor kan sit in „Second" maar hy verseg. Op Tarentaal het ons nie stigtelik lektuur gekoop nie want dit was 'n non-stop raaid. Op Tarentaal vra die stoker 'n ou inboorling of hy nie saam wil ry nie. Sy redelike antwoord was: „Nee dankie my baas, ek is bietjie haastig vedag!" en met die stryk hy aan.

Op Klippies aangekom was almal daar en onder begeleiding is ons ses—vier B.Comm's en twee laerskool onderwysers, Shorty Strydom en General

(Vervolg op bladsy 4).

de Wet van Volksrust—na ons tuiste vergesel waar ons almal saam in een „dormitory" gewerp is—en nog steeds is. Vyf van ons was dus altyd verseker om in goeie geselskap te verkeer.

Daarna is ons na die skool en nadat ons die tyd omgekry het tot teetyd het ons ons weer ywerig daarop toegelê om die tyd om te kry tot etenstyd toe. Ons gesamentlike indruk van die eerste dag was dat 'n onnie (onnerwyser) se grootste taak is om tyd op te maak en sodoende die tyd om te kry.

Tot 9 uur die aand help ons mekaar om niks te doen nie en teen 10 uur slaap ons almal tesame al een uur.

HEELDAG WOENSDAG, 1 MEI:—Ek wou nie gehad het die dag moet breek nie maar na 'n ruk besluit ons toe om wakker te word. Een van ons kon tandepasta leen maar toe nie een 'n tandeborsel aan hom wou leen nie, leen hy 'n skoeneborsel en maak maar sy skoene skoon. Ons gee almal les oplewel klas. Die periodes word vir my vreeslik lank en nadrehand het die kinders al die adreste getik van die koning s'n tot Koos s'n.

Die middag slaap ons en speel voetbal in die langgras en tussen miershope. Die aand bied weer tee en plesier.

HEELDAG DONDERDAG 2 MEI:—Barkie optewel-tjie was klaar aangetrek maar van brekfistafel gaan sy oge eers oop. Koos maak ons wakker en hoe! Onder die luide geskal van „Teken die traktaat—gou—die kaffers val oor die grense!" moes ons hom aanskou met 'n tandeborsel en stuk seep in sy hande. Ons sien weer vreeslik uit na teetyd. Ons kry ook appels waar myne sou volgende seisoen beter gedoen het.

Die middag kla Koos dat hy tot niet is en sy knieë swik so—nes 'n hoender wat luise het—so val-val. Drie van ons skryf op een tafeltjie en sonder om dit agter te kom skryf jy

(Vervolg volgende kolom).


**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

**O.K. BAZAAR**

**(1929) BEPERK**

**60 Departemente onder een Dak.**

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ———— ens.

**O.K. BAZAAR**

**POTCHEFSTROOM**

**Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.**


Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

## VOETBAL

Saterdag het P.U.K. se Eerste en Tweede spanne op Ventersdorp teen Ventersdorp gespeel. 'n Hele klomp Pukke het saamgegaan om die spanne te ondersteun, sodat met drie vragmotors gery moes word. Dit is 'n mooi gees en mag ons in die toekoms met tien vragmotors op die naburige plekke losstorm.

Die Tweede span het 'n mooi oorwinning van 29—0 behaal. In die agterspel het Van Vuuren en Trens Erasmus mooi gespeel en Dup het so min werk as heelagter gehad dat hy elkers in die agterlyn saam aangeval het. Lieb was Kaptein en het sy snellers met suiwer lang aangeë weggestuur. Tussen die voorstes het Fourie, Malan, Vermeulen en Els mooi spel gelewer. As hulle op die wyse aanhou het ons geen vrees dat die beker van eienaars sal verander nie. Die Eerste span het minder mooi gespeel maar tog gewen met 19—8. Ek dink die feit is dat hulle nie hulle volle plig gedurende die vakansie gedoen het nie. Skynbaar was die verandering van spys te veel vir hulle wilsvermoë. In die lynstaan was Van Zyl en De Bruin die uitblinkers en in die losskrums Malan en Jella. . In die losspel was Henning altyd op sy pos, maar die vermoede bly dat hy nie alles uitgehaal het nie want daar moes nog energie genoeg oorbly vir die nag se rit met 'n trapfiets van 'n plaasskool af Potch. toe. Dis egter te vergewe—'n heel menslike verskynsel.

Van Niekerk het mooi heelagterspel gelewer. Die wyse waarop hy aangesluit het by die agterlyn en 'n mooi drie aangeteken het, dien vermeld te word. Chicken van Heerden het ook 'n mooi drie aangeteken. Maar die agterlyn moet onthou: die bal moet by die vleuels kom so gou moontlik.

Die O-19 A het Handelskool gewen 32—3 en die O-19 B het sleg verloor teen P.O.K. Geluk en Sterkte!

Pukkies ruk op;—nog onoorwonne—u ondersteuning gee die deurslag

8 Mei teen Dorp op Park 4 uur.
11 Mei teen Dominion Reefs op Klerksdorp.
18 Mei teen Klerksdorp op Park.
25 Mei teen Oostelikes (Pretoria) op Park.

## VARIA.

Vraag: Is „Die Wapad" net 'n redaksieblad of mag studente ook maar bydraes lewer?—H. du P.

maklik op 'n ander se papier. Ons nagsê was:

Dup: „Bartjie!"
Bartjie: „Dupie?"
Dup: „Slaap lekker Bartjie."
Bartjie: „Slaap lekker Dupie."
Dup: „Dankies."
Bartjie: „Dankie."

So breek die veelbewoë HEELDAG VRYDAG 3 MEI. Ons gee ons proefleste en die algemene konklusie was Vrydag na die aandete, dat die P.U.K. die lekkerste plek **Noord** van die Ewenaar is.

H. DU P.

## *Antw. op? van bladsy 1.*

Op 29ste Mei speel ons teen P.O.K.
Is julle slaggereed Pukke?
Ken julle die liedjies?
Kom julle gereeld sangoefeningstoe?
Gaan ons P.O.K. doodspeel en sing?
Hoe voel julle harte. Pukkies!!!
Maak elkeen 'n roset 'n pet en die 29ste . . . .
Gee vet en daarna . . . .
Veel pret.

## ATLETIEK.

Elf atlete van ons klub het verlede Saterdag deelgeneem aan die vyfde jaarlikse byeenkoms van die S.A.B. te Bloemfontein.

Slegs 'n paar van hulle het daarin geslaag om punte in te samel t.w. Basie van Wyk met 'n eerste plek in gewigstoot en tweede in spiesgooi. Flip Human en Sakkie Joubert het onderskeidelik in hoogspring en verspring elk 'n derde plek verower.

Theron het 'n spierverrekking opgedoen anders sou sy kanse vir beide die 100 jaarts en 220 jaarts uitstekend gewees het.

Hoewel die ander kêrels minder gelukkig was, het almal tog hard probeer en hulle word gelukgewens met hulle pogings.

C. J. DU TOIT.

## HOKKIE.

Die eerste slag is reeds verlede Saterdag gelewer toe P.U.K. teen die Klooster moes kragte meet. Die Pukkies het hulle dan ook goed van hulle taak gekwyt sodat, toe die eind-fluitjie blaas, die telling op 4—0, in P.U.K. se guns, gestaan het.

Goed begonne is half gewonne, en ons hoop dat teen die end van die seisoen die beker heeltemal gewonne sal wees.

Die volgende wedstryd vind e.k. Saterdag teen Dorp plaas, en ons wil hoop dat die dames dan weer dieselfde hoë gehalte spel wat hulle verlede Saterdag deurgaans gehandhaaf het, sal lewer. En mag die ondersteuning van die kant van die studente heelwat verbeter op wat dit in die verlede was.

## GEBED VAN JOHANNA.

(Johanna, die maagd van Orleans, is deur die vyand gevang en in 'n vesting opgesluit. Sy bid om uitredding).

Hoor my o God, in allerhoogste nood!
Ek dra my siel in vuur'ge smeekgebed
Aan U op, wat in hemelhoogheid setel.
Die draadjies van 'n spinrak kan u tog
So sterk maak soos die kabels van 'n skip;
Ook kan U almag ysterboeie maklik
Verander in die fynste spinrakweefsel,
Wanneer U wil val hierdie kettings af
En hierdie toringmuur splyt oop.—U het
Simson gered, wat blind was en in boeie,
Wat bitter span van vyand moes verduur.

## LUISTER HIERNA!

Dit was in die ontgroening, die oggend nadat die drake die fietse skoongemaak het, toe die volgende gesprek oor die foon tussen Thabajäh en Heimat plaasgevind het.

Ollie: Hullo! Is dit 'n draak wat daar praat?

Stem: Ja, juffrou.

Ollie: Nou kyk draak, my fiets is daar onderkant, en jy bring hom dadelik vir my.

Stem: Maar juffrou, hoe sal ek weet watter een dit is?

Ollie: Daar staan „Gogga" op hom geverf.

Stem: Maar juffrou, waar sal ek hom kry?

Ollie: Maar draak, jy soek hom tot jy hom kry. Wat se geteëpratery is dit?

Stem: Goed juffrou, maar wie is juffrou?

Ollie: Ek is Mej. A. M. Kruger.

Stem: Goed juffrou A. M. Kruger.

Ollie: En draak jy maak gou! Binne 5 minute moet jy hier wees.

Stem: M-maar j-juffrou . . dadelik, ek wil hom op die oomblik hê.

Ollie: Draak, ek sê jy bring hom Ek is haastig, maak baie gou! Binne 5 minute, hoor jy!

Rabbo: Goed Ollie, ek bring hom!

Nog 'n probleem vir P.U.K. Soswetters ruk in groot getalle op na Durbanville (naby) Stellenbosch. Waar sou dit prakties gedoen word—aan die Universiteit of in Distrik Ses?

Dalk weet Veda en Azaniah?!

Hy het op U vertrou en in U kragtig,
Die steunsels van sy tronk toe aangegryp.
Hy 't hom gebuig en die gebou vernietig.

(Vry vertaal uit: Schilter—Die Jungfrau von Orleans, V-II).

P. G. GEERTSEMA.


KOM NA

**POTCHEFSTROOM HANDELAARS**

**(Eiendoms) Beperk**

**SIT DIE £ OM IN WAARDE**

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

**DIREKTE————INVOERDERS**

**Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!**

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

**Landbou-implemente Foon 626.**

POTCHEFSTROOM MOTORHAWE

**Foon 41. Laat ure. Foon 301.**

**BLACK EN KIE..**

**BEPERK.**

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

**KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.**

**SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.**

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

**Posbus 197. Foon 179.**

**KERKSTRAAT 61, POTCHEFSTROOM.**

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.

Potchefstroom.